Wes-Kaap Kantoor / Western Cape Office: Tel: 021 9142441 | Email/Epos: saouwk@saou.co.za

26/06/2017 21/2017

BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER: SAOU (WES-KAAP)	MESSAGE FROM THE CHAIRMAN: SAOU (WESTERN CAPE)
Geagte SAOU-lid Die jaar spoed voort en is al by die halfpadmerk. Die ironie is dat ons lewens ook so voortsnel teen ‘n pas wat ons skaars kan byhou. In die proses verloor ons só baie wat kosbaar is. Ek lees in ‘n artikel ‘n paar gedagtes oor gesindheid en besef dat in hierdie gejaag na êrens, moet ons net nie die doel van die lewe verloor nie. In Die Burger van 15 Junie 2017 lees ek van jong onnies wat wil “waai” oor stres. Slegs 52% is tevrede in hul werksplek. Dan vra ek myself die vraag – hoe sien ons gesindheid teenoor ons beroep daaruit? Die “jonge”, hoe is jou gesindheid teenoor jou werksomgewing nou dat jy besef dat die onderwys baie uitdagings het? Moet jy nie dalk jou gesindheid op ‘n ander frekwensie inskakel nie? Raak self ‘n bietjie kreatief. Die “oues” ….. Op watter frekwensie is jou gesindheid ingeskakel? Onthou, ons “oues” moet die pas in die onderwys aangee. Ons gesindheid bepaal die sukses van ons beroep. Kollegas, ons moet die voorbeeld van positiewe gesindheid laat herleef. Ons moet die toekoms skep.	Dear SAOU member The year speeds ahead and is already at the halfway mark. The irony is that our lives are steaming ahead at such a pace that we can hardly keep up. In the meanwhile we lose so much that is precious, to us. I read in an article about attitude and realize that in this rush to somewhere, we must not lose the purpose of life. In “Die Burger” of 15 June 2017, an article was published about young teachers who want to pack up and exit the career because of stress. Only 52% are satisfied in their workplace. I ask myself the question, what is the attitude towards our profession? The younger generation, what is your attitude towards your work environment now that you realize education has many challenges? Is it not perhaps time to tune into a different frequency? Maybe become more creative? The "older generation of teachers" ….. To which frequency is your attitude tuned into? Remember, our "older generation" must take the lead in education. Our attitude determines the success of our profession. Colleagues, we need to revive the example of positive attitude. We must create the future.

Sukses moet gemeet word aan die saad wat jy saai, nie aan die oes wat jy insamel nie!

Die afgelope 6 maande was ‘n besige tyd vir die SAOU (Wes-Kaap). Die SAOU is baie betrokke in die provinsiale onderhandelingskamers en beding net die beste vir Onderwys en ons lede.

- By opleiding word daar nie net op kurrikulum gefokus nie. Ons lede moet ook op ander terreine bemagtig word soos bv:
  (i) Ontwikkeling van die persoon;
  (ii) Bestuursbemagtiging; en
  (iii) Maatskaplike ontwikkeling.
- ‘n Onderwysforum tussen die WKOD en vakbonde, is gevestig waar assessering en kurrikulum breedvoerig aandag gaan kry.
- Die SAOU werk ten nouste saam met die WKOD ten opsigte van die begroting en postevoorsiening vir 2018.

Nuwe kantoor

As alles volgens plan verloop, trek ons gedurende die derde kwartaal na ons eie kantore te Poplarstraat, Bellair, Bellville. Dit is ‘n groot verbetering vergeleke waar ons nou is.

Al die bogenoemde val nie sommer net uit die lug nie. Vergun my om vir die Wes-Kaap kantoorpersoneel dankie te sê vir hul harde werk. Ook wil ek ons Provinsiale Uitvoerende Raadslede (PUR) bedank vir hulle insette, asook die lede wat op verskeie platforms ons unie verteenwoordig.

SAOU-Nasionale Kongres

Die kongres vind plaas op 30 Junie 2017 in Pretoria. Die Wes-Kaap se PUR woon die geleentheid by waar daar oor baie onderwyssake besin gaan word. Die Wes-Kaap het die volgende mosies ingedien:

- Gebrekkige dissipline in skole en die invloed daarvan op die moraal van opvoeders.

Success must be measured by the seed you sow, not the harvest you collect!

The last 6 months was a busy time for the SAOU (Western Cape). The SAOU is continuously involved in the provincial negotiating chambers and will always bargain for what is best for Education and for our members.

- During training the focus cannot only be on curriculum. Our members must be empowered in other areas such as:
  (i) Personal development;
  (ii) Management empowerment; and
  (iii) Social development.
- An Education forum was formed between the WCED and unions, where issues with regards to the assessment and curriculum will be addressed in detail.
- The SAOU works closely with the WCED regarding the budget and post provision for 2018.

New office

If everything goes according to plan, we will relocate to our own offices in Poplar street, Bellair, Bellville during the third term. This is a huge improvement compared to our current offices.

The abovementioned did not happen by chance. Allow me to thank the staff of the provincial office for their hard work. I would also like to thank our Provincial Executive Committee (PEC) members for their input, as well as the members who represent our union on various platforms.

SAOU National Congress

The congress will take place on 30 June 2017 in Pretoria. The Western Cape's PEC members will attend the event where various educational issues will be discussed. The Western Cape has submitted the following motions:

- Inadequate discipline in schools and its influence on the morale of educators.

• Die befondsingsmodel (Kwintiele) is uitgedien en daar is ‘n behoefte aan ‘n nuwe model. • Herevaluering van Funza Lushaka beursskema. • Verbetering van WKOD distrikskantore se funksionaliteit. Vriende, ek wens u ‘n heerlike wintervakansie toe. Wat u ook al doen, geniet dit net. Herlaai uself met ‘n gesindheid van positiwiteit en bring volgende kwartaal ‘n nuwe energie saam skool toe. Groete **KOBUS ESTERHUIZEN** **Voorsitter: SAOU (Wes-Kaap)**	• The funding model (Quintiles) is outdated and there is a need for a new model. • Re-evaluation of the Funza Lushaka bursary programme. • Improvement of WCED district offices' functionality. Friends, I wish you a wonderful winter holiday. Whatever you do, just enjoy it. Recharge with an attitude of positivity and bring it along to your school next term. Regards **KOBUS ESTERHUIZEN** **Chairman: SAOU (Western Cape)**